higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1160**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Tweede vraestel)

(9090176)

11 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Tweede vraestel)
DUUR: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees eers AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord/woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord/woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

gevoel van selfstandigheid; verdedigingsmeganisme; bejaardes; verleë; regressie; psigiaters; sielkundiges; vreemde; afgeleer; privaatheid; roetine

1.1.1 Vir 'n kind kan 'n hospitaal 'n ... plek wees.

1.1.2 Adolessente het 'n sterk ...

1.1.3 Adolessente het ... nodig

1.1.4 Adolessente kan baie maklik ... voel

1.1.5 'n Hospitaalverblyf versteur die ... van 'n volwassene.

1.1.6 By volwassenes gaan 'n liggaamlike siekte dikwels met 'n mate van ... gepaard.

1.1.7 Om na gedrag van 'n vroeëre lewensfase terug te keer, is 'n ... om konflik op te los.

1.1.8 Eensaamheid kom algemeen by ... voor.

1.1.9 Gedragsterapie veronderstel dat abnormale gedrag ... kan word.

1.1.10 ... is mediese dokters wat medisyne kan voorskryf.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Goeie kennis van persoonlikhede kan ons help om gedrag te verstaan.

1.2.2 Mense se biologiese behoeftes bepaal hulle gedrag.

1.2.3 Die liggaam en die gees reageer nie op mekaar nie.

1.2.4 Mense het verskillende, individuele persoonlikhede.

1.2.5 Ons geluk hang nie van ons verhouding met ander mense in ons groep af nie.

1.2.6 Gedrag wat vir een groep mense aanvaarbaar is, is ook vir alle ander groepe mense aanvaarbaar.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Elke mens beleef siekte op sy eie manier.

1.2.8 Party mense ontken dat hulle siek is omdat hulle bang is vir die stigma wat daaraan kleef.

1.2.9 'n Worsteling met die self kom algemeen in die vroeë stadiums van 'n ernstige siekte voor.

1.2.10 Siekte is baie opvallend in die moderne openbare lewe.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem SEWE kenmerke van 'n volwasse persoonlikheid. (7)

2.2 Watter voordele hou groepterapie vir die deelnemers in? (4 × 2) (8)

2.3 Bespreek die stryd wat 'n siek persoon met sy of haar huisomgewing voer. (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem TWEE klasse psigiese versteurings. (2)

3.2 Noem VYF soorte geneesmiddels of prosedures wat in psigiatrie gebruik word. (5)

3.3 Hoe sal jy 'n stroomop volwasse pasiënt behandel? (8)

3.4 Hoekom dink party mense dat daar geen ander uitweg as selfdood is nie?
(5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem TWEE organisasies wat die lewering van psigiatriese dienste in Suid-Afrika bestuur. (2)

4.2 Noem VYF faktore wat pyn bepaal. (5)

4.3 Watter raad het jy vir persone wat liggaamlik gestremde pasiënte versorg, maar ook goed na hulleself moet kyk. (8)

4.4 Hoekom is dit belangrik dat 'n mediese sekretaresse 'n goeie kennis van verskillende persoonlikhede moet hê? (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE algemene maniere van selfdood. (7)

5.2 Watter voordele het dit om pyn te ervaar? (4 × 2) (8)

5.3 Verduidelik hoekom dit heelwat humor en moed kos om jouself te leer ken. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou